ecsponent
Belê met die tye

Vastekoers Inkomsteverskaffer Klas E

Beleggersprofiel

Geskik vir beleggers wat:
- 'n mediumtermyn-belegging verkies;
- stabiele, voorspelbare beleggings-opbrengste verlang;
- 'n maandelikse inkomste ná belasting wil ontvang;
- hul kapitaal ten volle wil belê; en
- die unieke eienskappe van genoteerde voorkeuraandele in hul beleggingsportefeuljes verlang.

Beleggingsdoelwitte

Voorsien beleggers van 'n vaste, bo-gemiddelde inkomste, terwyl die volle kapitaal belê word sonder dat enige koste verhaal word met plasing.

Aanbevole Termyn

Vyf jaar

Beleggingsamestelling



Beleggingsbeskrywing

'n Voorkeuraandeel van vyf jaar met 'n vaste opbrengs waarvan die aanvanklike uitgifteprys ten volle aflosbaar, nie-deelnemend en kumulatief is. Elke aandeel betaal 'n maandelikse dividend waarvan dividendterughoudingsbelasting van 20% afgetrek word.

Jaarlikse Opbrengs

Beleggingswaarde	Bruto koers
Minimum R200 000	11.25% per jaar

Jaarlikse Koste

Administrasiekoste	0.25%
Totale koste	**0.25% per jaar**

Klas E Genoteerde Voorkeuraandele



Grafiek is slegs vir illustratiewe doeleindes. Die data sluit alle koste, belasting en ander aftrekkings uit wat van toepassing mag wees. Die maandelikse inkomste-uitkerings is teruggevoeg tot die kapitaalbedrag om die totale opbrengs op die belegging uit te beeld. Inkomste uit hierdie belegging word maandeliks, na aftrekking van belasting, betaal en dit word nie outomaties herbelê nie.

Algemene Inligting

Minimum beleggingsbedrag:
R200 000
Aanvangsdatum:
Vierde kwartaal 2014

Feiteblad-inligting soos op:
2 Mei 2018
Nywerheidskategorie:
Genoteerde voorkeuraandele

Reeks 2

Grootte van portefeulje:
R1 253 428 900
Prestasieteiken:
Vaste dividendkoers, maandeliks betaalbaar in ooreenstemming met die dividendkalender en memorandum.

ecsponent
Financial Services

Hierdie inligtingsdokument moet saam met die jongste toepaslike prysskedule gelees word. Bepalings en voorwaardes geld. Alle koerse en koste is gebaseer op voorgestelde aannames, asook die maatskappy se vermoë om daaraan te voldoen. Verwys na die nuutste memorandum oor risikofaktore. Hierdie feiteblad is slegs ter inligting en kan nie as advies beskou word nie.
Ecsponent Financial Services is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer geregistreer by die Financial Sector Conduct Authority (FSCA) onder lisensienommer FDV 32968 en bied aan beleggers die inligting en advies wat hulle nodig het om beleggingsbesluite te maak wat vir hul eie behoeftes geskik is.
Ecsponent Financial Services is 'n volle filiaal van Ecsponent Limited.